



### EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE

Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: [www.ecdoe.gov.za](http://www.ecdoe.gov.za)


## **2018 NSC CHIEF MARKER'S REPORT**

<b>SUBJECT:</b>	AFRIKAANS FAL
<b>PAPER:</b>	1
<b>DURATION OF PAPER:</b>	2 HOURS

### SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

- ✓ Die vraestel is op die KBV-dokument gebaseer.
- ✓ Kandidate beskik nie oor **voldoende vakterminologie-** asook **kommunikatiewe woordeskat** nie.
- ✓ Kandidate se **kennis** van advertensie- en strokiestegnieke asook **taalstrukture** is kommerwekkend.

**Kandidate per vlak as persentasie uiteengesit**




**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**  
**(It is expected that a comment will be provided for each question).**

**QUESTION 1**

**a) General comment on the performance of learners in the specific question.  
 Was the question well answered or poorly answered?**

- Gebrekkige taal- en uitdrukkingsvermoë blyk steeds die meeste kandidate te pootjie. Nasieners kon agterkom dat kandidate die leesstuk verstaan het, maar antwoorde wemel van Engelse- en slengwoorde. Hier diskwalifiseer kandidate hulself outomaties.
- Die hoërvlak kognitiewe vrae was buite die verwoordingsvaardigheid van 'n addisionele taal kandidaat.
- Kandidate haal ook lukraak aan met die hoop dat die nasieners ërens die korrekte antwoord sal vind.



Statistiek is gebaseer op 'n gemiddeld van 70% van alle skrifte nagesien.

**b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- Kandidate lees nie die vrae noukeurig deur met die doel om te verstaan wat hulle lees nie. Dit blyk dat hulle soeklees en lukraak sinne aanhaal met woorde wat in die vrae voorkom. Die kern van die vraag word op so 'n manier misgekyk.
- Kandidate sukkel met **woordeskat**.
- Kandidate het ook met die korrekte **interpretasie** van vrae gesukkel. Hulle het **veral** by Teks B gestruikel.
- By vraag 1.4 het kandidate tot 'n groot mate die **wat** en nie die **wie** beantwoord nie.
- By vraag 1.7.1 haal hulle die 3 woorde op die vorige bladsy aan *1960 en 1964* sonder die woord *tussen*.
- Vraag 1.8 het die kandidate hoofsaaklik Louis Armstrong se raad weergegee en nie hoekom dit goed was om na die raad te luister nie.
- Sommige kandidate, vraag 1.10, weet nie wat twee agtereenvolgende woorde is nie; hulle haal of meer woorde of 2 sinne aan of hul skryf die sin sonder om die twee woorde uit te lig.
- By vraag 1.12 sien die kandidate prostaatkanker en skryf dan net *hy is dood of met sy dood het sy trompet stil geraak* as antwoord.
- Baie kandidate skryf Ja/Nee maar met die verkeerde motivering.
- By vraag 1.19 skryf kandidate dat Hugh met Miriam Makeba getrou het en dat die huwelik net 2 jaar gehou het. Die betekenis van die woord **getrou** in die vraag is misinterpretier. Baie leerders het 1.19 ook nie beantwoord nie.
- Geweldig baie kandidate het by vraag 1.20 die antwoord *hulle gaan laat wees vir hul eerste skooldag* gegee.
- By vraag 1.24 gee leerders hulle eie mening uit hul eie verwysingsraamwerk i.p.v. in konteks van die spotprent. Baie begin ook met *ja* maar die rede vir *nee*, wat die korrekte rede is, maar wat die vraag dus verkeerd maak.


## QUESTION 2

a) General comment on the performance of learners in the specific question.

Was the question well answered or poorly answered?

- Kandidate het gemiddeld gevaaar.

## VRAAG 2 OPSOMMING




Statistiek is gebaseer op 'n gemiddeld van 70% van alle skrifte nagesien.

- b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- Kandidate skryf frase as 'n antwoord. **Indien 'n sin nie 'n werkwoord óf 'n onderwerp bevat nie, word die feit verkeerd gemerk – selfs al kom die kernfeit daarin voor.**
- Kandidate kon nie die kernfeite identifiseer nie en haal verkeerdelik aan.
- Kandidate gebruik die lydende vorm verkeed bv. *die grond moet voorberei* sonder die woord *word*.
- Enkele kandidate het die opsomming in paragraafvorm aangebied en feite is met kommas of die woord “en” geskei. Slegs die eerste feit word hier nagesien wat dus tot gevolg het dat die kandidaat 1 punt plus 'n bonus punt vir die opsomming gekry het.
- Dit is duidelik dat baie van die kandidate nie oor die woordeskat beskik het om dit wat gevra is, verstaanbaar oor te dra nie.

**QUESTION 3**

- a) General comment on the performance of learners in the specific question.  
Was the question well answered or poorly answered?**



Statistiek is gebaseer op 'n gemiddeld van 70% van alle skrifte nagesien.


- b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- Beperkte woordeskaf het verhoed dat kandidate die vrae in suiwer Afrikaans aanbied. Die invoeging van Engelse- en slengwoorde het hulle gepootjie.
- Kandidate sukkel met die korrekte gebruik van *wat* (voornaamwoord) in vraag 3.2.
- By vrae 3.5.1 en 3.5.2 kon kandidate nie die foto's korrek interpreteer nie.
- Eenwoordantwoorde word verkeerd gespel, bv. *spotgoedkoop* as twee woorde, *verwelkom* waar die *ver* en en *welkom* geskei word, die woord *rustigheid* wat verkeerd oorgeskryf is as *rustig heid* en so ook die woord *rolstoelvriendelike* wat as *rolstoel vriendelike* geskryf is.

**QUESTION 4**

**a) General comment on the performance of learners in the specific question.  
Was the question well answered or poorly answered?**

- Kandidate het gesukkel met die analise/interpretasie van strokies.
- Visuele prikkels is swakkerig geïnterpreteer en ook hier het beperkte woordeskat 'n negatiewe invloed op die resultate gehad.



Statistiek is gebaseer op 'n gemiddeld van 70% van alle skrifte nagesien.


**b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- Kandidate verstaan nie die konsep *impliseer* nie.
- Kandidate het ook gesukkel om 'n stelsin na 'n bevel te verander.
- Dit was duidelik dat kandidate nie die woord *tussenwerpse* ken nie.

## QUESTION 5

- a) General comment on the performance of learners in the specific question.  
Was the question well answered or poorly answered?**

- Kandidate het, soos in die verlede, baie swak in hierdie afdeling gevaaar.



Statistiek is gebaseer op 'n gemiddeld van 70% van alle skrifte nagesien.

- b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- Woordeskat, woordeskat, woordeskat! Hierdie probleem het duidelik in vrae 5.2.1-5.2.6 na vore gekom.
- Baie kandidate het by vraag 5.1.1 die afkorting in hoofletters geskryf of die laaste punt weggelaat.
- By vraag 5.1.2 het kandidate 'n ander sin met *ly* gemaak of *lui* as homofoon gebruik.
- Leerders sukkel om die telwoord te identifiseer. In plaas van *tien*, skryf hulle *tien jaar*.
- Die meervoudsvorm *skoolhowe* i.p.v. *skoolhoofde*. Moontlik weens die veralgemening van die reël dat indien 'n woord met 'n -f-uitgang die -f na 'n -w verander.

- By vraag 5.1.7 is die beide *sy/haar* korrek aanvaar aangesien daar nie in konteks van die teks afgelui kon word of dit 'n man of vrou is nie.
- Die beantwoording van die infinitief by vraag 5.1.9 was swak.
- Kandidate het verkeerde punktuasie by die direkte rede gebruik.
- Die verandering van sinne na die lydende vorm, vraag 5.1.12 is steeds 'n probleem.
- By die woord *kinderkamer* verloor die kandidate onnodig punte omdat hulle dit nie duidelik as een woord skryf nie.

#### **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- Die deurgaanse uitwerk van ou vraestelle word ten sterkste aanbeveel!
- 'n Leesprogram vir kandidate sal baie help vir die uitbreiding van woordeskat en ook om hulle aan die Afrikaanse idioom bloot te stel.
- Kandidate moet in die klas Afrikaans praat, hoe krom en skeef ookal. Sodra die taal gepraat word, word geleer om in Afrikaans te dink.
- Kandidate **moet** praktiese voorbeelde in die klas doen sodat hulle in staat is om afleidings binne teksverband te maak.
- Kandidate moet geleer word om kern van die vraag te identifiseer en dat **dit die fokuspunt van die antwoord is. Dit sal onnodige uitgebreide antwoorde voorkom.**
- Kandidate moet verder daarop gewys word dat hulle met die beantwoording van die begripstoets nie lukraak direk moet aanhaal net omdat daar 'n woord voorkom wat ook in die vraag is nie.
- Kandidate moet ook bewus gemaak word van die feit dat die korrekte nommering met dié van die vraestel **moet** ooreenstem.
- Kandidate moet verder bewus wees van die feit dat indien 'n aanhaling gevra word, hulle die aanhaling **woordeliks en foutloos** moet oorskryf.
- Met die opsomming moet kandidate onderrig word om die instruksies te analyseer en die kern van die vraag te identifiseer. Elke punt moet direk met die opdrag verband hou.
- Daar **moet** 'n werkwoord in elke sin wees, m.a.w. elke punt moet in 'n volsin beantwoord word.
- Kandidate hoef geen beplanning vir die opsomming te doen nie. Van die kandidate het in paragraafvorm beplan en dan die opsomming netjies

puntsgewys herskryf. Indien die beplanning nie deurgehaal is nie, is die nasieners verplig om die beplanning na te sien.

- Kandidate moet bewus wees dat daar nie meer as een feit per sin gegee moet word nie.
- Kandidate moet geleer word om die **korrekte** aantal woorde aan die einde van die opsomming aan te toon.
- Kandidate moet blootgestel word aan en onderrig word in visuele tekste asook strokiestaal en -tegnieke.
- Kandidate moet geleer word om nie direk uit Engels in Afrikaans te vertaal nie of om Engelse woorde te verafrikaans nie.
- Leerkragte moet die beantwoording van vraestelle by hulle leerders inskerp.
- Kandidate moet geleer word dat wanneer hulle 'n fout maak, hulle nie pyltjies moet trek om te wys dat bv. vraag 2 se antwoord by 3 moet kom en visa versa nie. Hulle moet eerder die totale vraagnommer en antwoord netjies doodtrek en oorskryf.
- Kandidate moet geleer word om 'n reël tussen antwoorde oop te laat.
- Hulle moet ook geleer word dat hulle elke vraag en nie net elke afdeling nie op 'n skoon bladsy moet begin.

**Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Die gebrek aan kennis van taalkonvensies en woordeskat blyk die grootste probleemareas te wees.
- Kandidate is geneig om direk uit Engels in Afrikaans te vertaal wat sinsbetekenis kan beïnvloed.
- Kandidate het gesukkel om liggaamstaal en gesigsuitdrukkings by visuele tekste te interpreteer.
- Leerkragte moet daarop let dat dialektiese variasies wel aanvaar word.
- Die ondergemiddelde vertoning in vreae 3 – 5 is 'n bewys dat leerkragte, weens die drukte van voorgeskrewe werke, nie voldoende taalonderrig en -hersiening in graad 12 kan doen nie. Daar moet egter steeds taalwerk en/of taalhersiening

gedoen word sodat die kandidate deurgaans aan formele taalonderrig blootgestel word ter voorbereiding van hulle finale eksamen.

- Dit blyk dat kandidate steeds sukkel met opsommings.
- 'n Netjiese handskrif is belangrik. Indien die nasioneer nie kan uitmaak wat die kandidaat geskryf het nie, veral by eenwoordantwoorde, kan 'n punt nie toegeken word nie.
- Dit is belangrik om te onthou dat eenwoord-antwoorde korrek gespel moet word om die punt te verdien.
- Kandidate moenie twee letters oormekaar skryf nie. Indien hy/sy 'n fout begaan het, moet die woord verkieslik met 'n enkelstreep en met pen doodgetrek word en langsaan ofboaan in pen oorgeskryf word.
- Onderwysers moet dit op die kandidate se hart druk dat hulle nie
  - flaterwater of glimpenne mag gebruik nie,
  - slegs een kleur pen moet gebruik word en
  - nie hulle handskrif tydens die beantwoording van die vraestel moet verander nie
- Afrikaans moet as lewende taal aangebied word sodat die leerders 'n liefde vir die taal kan ontwikkel. Hierdie positiewe gesindheid sal in die uitslae weerspieël word.